### *Die vierde gebod volgens die fariseërs*

**212** Ouran is nou in sy noppies en sê dat hy nog nooit so `n werklike praktiese wysheid gehoor wat verkondig is nie en dat hy van plan is om hierdie raad ook altyd sorgvuldig na te volg. Ons Perse verwonder hulle egter nog meer daaroor.

[2] **Jurah** sê: "Ja, dit noem ek `n ware Lig van Bo, want dit het `n sterfling nog nooit ontdek nie! Op hierdie manier sou ek graag al tien gebooie uitgelê wou hê! Dit is nou so voor die hand liggend en duidelik en tog kon ons dit met al ons skerp verstand nie agtergekom het nie! Maar ek het tog nog iets om te vra!"

[3] **Skabbi** sê: "Ek sou werklik nie weet oor watter punt nog `n aparte vraag gestel sou kan word nie!?"

[4] **Jurah** sê: "Weet jy dan nie dat daar met betrekking tot die pligte van die kinders ten opsigte van hulle ouers `n nuwe voorskrif bestaan nie, dit sê, dat `n seun of `n dogter eerder `n offer aan die tempel kan gee as om vader en moeder te eer?! Die nuwe voorskrif hef weliswaar die oue nie op nie, maar dit sal `n beter middel wees om die Mosaïese belofte te verkry, as die Mosaïese wet self. Ek sou nou graag, omdat die buitengewone geleentheid homself nou so wonderbaarlik voorgedoen om met die oorspronklike wetgewer Self te spreek, wou hoor wat die Meester van so `n nuwe voorskrif sê!

[5] Eerstens, as `n kind heeltemal slegte en verdorwe ouers het, lyk die voorskrif heeltemal korrek, maar as `n kind, wat wel van nature ligsinnig is, baie goeie en waardige ouers het, wat voor Elohim en alle mense alle agting, liefde en eer van hulle kinders verdien, lyk hierdie te tempels- en hebsugtig lykende voorskrif weer gladnie so goed nie. Die hele voorskrif het `n baie menslike geurtjie en dit straal baie min goddelikheid uit, maar dan staan daar ook weer êrens: 'Na hulle wat sit op die stoele van Moses en Aäron, moet jy altyd luister en jy moet doen wat hulle vir jou voorskryf!'

[6] Maar die voorskrif is ook `n egte kameel waarop die fariseërs al heelwat valse en bose dinge wat as eg beskryf word, die tempel binnegesmokkel het, wat die volk teen die hoë prys van sy morele vryheid vir volkome werklikheid moes koop. Dit is `n gemene saak. Vir my lyk so `n voorskrif om slegs aan bepaalde mense `n eksklusiewe voorreg te gee, `n duiwelse gat waardeur die Satan altyd kan binnekom in die heiligdom in. Hierdie bevoorregte heiliges oorskat hulleself, word eers in `n sekere sin op `n vrome wyse trots en met `n heilig geurende profetehalo (nimbus) omgewe, maar later word hulle dan ten volle ernstig heerssugtig en tiranniek, hoogmoedig en mateloos trots, - maar sit nog altyd op die setels van Moses en Aäron! Ek vind egter broeder, - weet jy, so onder vier oë! - dat die Satan maar self hierdie heilige setels meteens in beslag sou kon neem! En deur sulke ware plaasvervangers van die Satan op die setels van Moses en Aäron het baie bose, menslike voorskrifte in die plek gekom van die goddelike en ons moet dit sluk, omdat die kameelagtige 'hellegat'-voorskrif beveel om te luister na hulle wat op die heilige setels sit en te doen wat hulle beveel.

[7] Ja, die wet op sigself sou wel goed gewees het as `n mens die sekerheid gehad het dat daar altyd slegs die waardigste opvolgers van Aäron en Moses op die gewyde stoele sou preek, maar watter werklike ‘drakevolk’ het daar nie al op die gewyde stoele gesit nie, en daar nie selde die siende volk die skandelikste wette as skerp sand in die gesig geslinger het, waardeur hulle dan vir die grootste deel verblind moes word! En sulke voorskrifte wat alle waansin te bowe gaan, bly vervolgens as `n groot kwelling van die mensdom bestaan en niemand het meer die moed om die juk af te skud nie. Dan kan die suiwer verstand hom tog afvra of Elohim iets daarvan af weet en of daar eintlik wel `n Elohim bestaan wat so `n verskrikking kan aansien in Sy heilige plek!

[8] Wel, enige uitleg daaroor van Homself af sou ons tog wel die beste en die suiwerste en ware toedrag kan toon en daarom sou ek nou regstreeks `n vraag aan Hom wou stel! - Wat dink jy, sal ek dit waag of nie?"

### *Die Meester lê die voorskrif van die fariseërs uit*

**213** In plaas van Skabbi gee **Ek** skielik antwoord en sê: "Luister, vriend Jurah, jou vraag is tereg en baie belangrik. Jy hoef dit nie vir My te herhaal nie, want Ek weet tog goed waar die skoen by julle druk!

[2] Kyk, dit is waar dat daar `n gebod is, egter eerder uit die tyd van die Rigters, waar by monde van `n siener gebooie gegee word om na te luister aan diegene wat op die stoele van Moses en Aäron sit en te doen wat hulle deur Elohim se Gees voorskrywe word, maar slegs dan, as hulle werke goed is. As hulle werke sleg is, moet hulle van die stoele afgestoot word deur die mees waardige nakomelinge van Levi.

[3] Maar diegene wat op die genoemde stoele sit, weet goed hoe om hulle werke te verdoesel. Daar sit nou, inplaas van waardige opvolgers van Moses en Aäron, slegs verskeurende wolwe in skaapsklere op

die gewyde stoele en as sodanig het hulle, onder die vermomming van Elohim se wil, wette te midde van die volk geslinger waarvan selfs die wêreld moet steier!

[4] Maar herinner jou eers hoe Ek wel hierdie valse afstammelinge van Moses en Aäron deur die mond van heilige profete baie ernstig laat vermaan het en hoe Ek hulle wel met die strengste roede getugtig het! Waarvoor het dit egter nut gehad? Dan gaan dit weer `n bietjie beter, maar daarna gou weer nog slegter dan vra `n mens in hierdie tyd,- tot nou toe het dit so sleg geword dat dit wel nooit meer slegter sal kan word nie. Hulle het die maat van alle boosheid volgemaak, nog slegs `n paar druppels en dan sal dit oorloop en dan, soos `n sondvloed van Noag, die ondergang bring. Daarvan kan jy volledig verseker wees!

[5] Soos met baie ander, het dit ook gegaan met die voorskrif van die offer in die tempel wat in die plek gekom het van die Mosaïese voorskrif van die kinderpligte ten opsigte van die ouers. In die begin het dit baie goed en regverdig gelyk en dit het alleen betrekking op die kinders waarvan die ouers, soos wel die geval is, werklike uitvaagsels van die mensdom was. Hierdie ouers het merkwaardig genoeg wel baie goeie en brawe kinders gehad, wat vertrou het op Elohim, wat die oerslegheid van hulle liggaamlike ouers wel herken en kon insien. Die eise wat hulle slegte ouers aan hulle gestel het, het hulle hare ten berge laat rys, maar in die onverstaanbare voorskrif van Moses staan daar dat die ouers bó alles deur gehoorsaamheid geëer moet word!

[6] Op grond daarvan vra die ongelukkige kinders toe, in die tye toe die tempel nog goed was, wat hulle moes doen en hulle sê: 'Dit is waar dat Moses op Elohim se bevel die gebod gegee het om die ouers te gehoorsaam en hulle op die wyse hulle lewe lank te respekteer en te eer, dat hulle lank sal lewe en dat dit met hulle goed sal gaan op die aarde. Maar Moses het ook gebooie gegee om nie te dood, nie te steel, nie te lieg, geen onkuisheid te bedrywe met maagde en nog minder om die vrou van die naaste te begeer nie. En juis dit moes hulle vir hulle verdorwe ouers doen! Op welke manier kon hulle nou nie teen die gebooie van Moses sondig nie?'

[7] Toe praat die Elohim deur die gees vervulde hoëpriester: 'Laat die liggaamlike ouers van julle val, offer `n gawe in die plek van die verkeerde gehoorsaamheid en bid tot Elohim, dit sal beter wees vir julle en deur die Barmhartigheid van bo, ook vir julle ontaarde ouers!'

[8] En so gebeur dit toe dat sulke kinders hulle slegte ouers verlaat het, aan die tempel vir hulleself en hulle slegte ouers `n offer gebring het en by goeie mense `n betrekking gaan soek het om daar vir Elohim `n welgevallige lewe te lei.

[9] Tot so ver en tot daar was die voorskrif heeltemal van goddelike oorsprong. Maar met die loop van die tyd het die boosaardige wolwe, wat in skaapsvel gehul was en wat op die stoele van Moses en Aäron gesit het, die voorskrif `n algemene strekking gegee en toe kon ontaarde kinders van goeie en brawe ouers hulleself ook deur offers losgekoop het van die gehoorsaamheid aan hulle ouers, om daarna heeltemal vry en gewetenloos te kan sondig!

[10] Daardeur word die dubbele gebod van Elohim ook dubbel verwring en in die plek daarvan word `n suiwer helse-menslike bepaling ingevoer, wat natuurlik vir Elohim, omdat dit heeltemal teen Sy orde ingaan, `n gruwel van die gruwels moet wees. Want ook `n enigsins suiwer denkende mens moet al by die eerste aanblik al sien dat so `n bepaling nooit as te nimmer goddelik, maar slegs van suiwer helse en sataniese oorsprong kan wees! Maar aan dit alles sal nou gou `n einde kom en dan sal daar nie baie meer oorbly om teen te ageer nie.

[11] Origens is dit baie goed, as `n swakke hom deur `n sterke laat lei! Die ouers is tog altyd sterker as hulle kinders en daarom is dit normaal dat die kinders hulle deur hulle ouers laat lei. Maar as die swakke merk, dat die sterke hom in `n verderflike afgrond wil stort, doen die swakke baie goed om hom van die sterke los te maak en `n veilige plek op te soek.

[12] Verder is dit so dat slegs hy die wet van Moses heeltemal vervul, wat hom in alles so gedra soos wat Ek dit vroeër aan die ou koning Ouran baie duidelik uiteengesit het. - Het julle dit nou goed verstaan?"